

# Tjokkie

## WEEKBLAD



12 Februarie 2021

Uitgawe: 1/1/2021

### UIT DIE KANTOOR

Welkom by Tjokkies se eerste uitgawe van ons “nuwe” weeklikse nuusbrieff. Dit sal voortaan as die Tjokkie-WEEKBLAD bekend staan en vervang die benaming Tjokkie-brokkies. Die Tjokkie-WEEKBLAD sal steeds elke Vrydag elektronies beskikbaar wees. Aangesien ons nou aan die begin van ’n nuwe dekade staan, het ons dit goedgevind om ons nuusbrieff ’n “facelift” te gee. Ons vertrou dat dit ook in die toekoms makliker leesbaar sal wees op u slimfoon en ander toestelle.

Volgens die nuutste kalender wat op 9 Februarie 2021 verskyn het, strek kwartaal een nou vanaf Maandag, 15 Februarie tot Vrydag, 23 April. Dit veroorsaak natuurlik dat heelwat datums wat op die jaarkalender verskyn, weer aangepas sal moet word. Dit het uiteraard ook verdere implikasies wat ons akademiese beplanning betref. Ons hou u egter op hoogte soos wat ons deur die kwartaal vorder. Lees dus die Tjokkie-WEEKBLAD vir die nuutste aanpassings en inligting. U kan die nuutste aangepaste kalender op ons webblad vind, asook op die D6-kommunikeerder.

### TOEGANG EN SKOOLTYE

Net ter wille van duidelikheid: Die skool open wel Maandag, 15 Februarie 2021 vir alle leerders. U kind het reeds hierdie week sy/haar skryfboeke, handboeke, huiswerkboek, opdragte rakende die oortrek daarvan en tafelkalender (een per gesin) ontvang. Kinders moet reeds Maandag al hierdie boeke skool toe bring aangesien daar dadelik aan die werk gespring gaan word.

#### Skooltye is soos volg:

Gr.1 tot Gr.3	7:45 - 13:15
Gr.4 tot Gr.7	7:30 - 13:30
Middagstudie	13:30 - 17:00 (vir die wat daarby inskakel)

#### Toegang tot die skool kan deur die volgende hekke verkry word:

Hoofhek - verkieslik grondslagfase leerders

Hek 2 - maak gebruik van die klein hekkie by die personeel-ingang

Hek 3 - Die nuwe hek in Von Bondestraat. (Hier is heelwat parkering beskikbaar)

Hek 4 - Hek by die swembad. Ek vra vriendelik dat ouers nie aan die binnekant van die sirkel of voor die hek sal parkeer nie.

## WAARDE

Op Vrydag, 19 Februarie vier ons Valentynsdag en wil ons graag die waarde van “OMGEE” by ons kinders tuisbring. Nie net omgee en liefde vir mekaar nie, maar ook God se liefde vir ons, Sy kinders. Ons wil ook graag hierdie waarde vir die res van die kwartaal uitleef en beplan om gereeld daarna te verwys in ons gesprekke met ons leerders.

Die Tjokkie-raad het dan ook heelwat aandenkings wat hulle gedurende die week verkoop om die liefde te vier. Ondersteun hulle asb.



## KAALVOETKAFEE

Die Kaalvoetkafee sal reeds vanaf Maandag gedurende pouse en na skool oop wees waar kos vir die kinders te koop aangebied word. U is ook welkom om 'n Valentynsdag “Combo” vir u kind daar te bestel. Kontaknommer 083 556 8320.

Ouers moet kennis neem dat die Kaalvoetkafee steeds van snoepiekaarte gebruik maak. Indien u onseker is oor hoe en waar om dit te bekom, kontak asb. vir Beulah by [beulah@tjokkies.co.za](mailto:beulah@tjokkies.co.za)



## GELUKWENSING

Baie geluk aan mnr. Hermann Davin en sy vrou, Francé, met die geboorte van hul babadogtertjie Kristen, op Woensdag, 10 Februarie. Mag sy vir julle groot vreugde bring!

## HUMOR en INSPIRASIESPASIE...

Wat kry jy as jy 'n windhond met 'n muishond kruis?

*'n Dier wat teen 'n stink speed hardloop.*

## COVID-19

Ongelukkig mag geen ouers die skoolterrein betree sonder vooraf goedkeuring deur die kantoor nie. Ouers en persone met die nodige toestemming word daaraan herinner dat hul steeds die skanderingsvorm wat by sekuriteit beskikbaar is, moet voltooi voordat hul die terrein mag betree. Ouers wat die klerebank besoek moet voortaan ook by sekuriteit 'n toelatingskaartjie ontvang wat aandui dat hul wel die klerebank gaan besoek. Ouers wat nie so 'n kaartjie by hom/haar het nie, sal vriendelik gevra word om die terrein te verlaat.

Ter wille van veiligheid, sal ouers ongelukkig nie toegelaat word om die skool se badkamers te gebruik terwyl u vir u kind wag wanneer die skool uitkom nie. Verlede jaar het dit heelwat verwarring by ander ouers, sekuriteit en personeel veroorsaak. Baie dankie vir u samewerking in die verband.

Ouers moet kennis neem dat die daaglikse skandering en sanitasie van hande, asook die dra van maskers, steeds verpligtend is by skole. Dit is nog steeds belangrike protokol teen die verspreiding van Covid-19, ongeag op watter vlak die land se inperking tans is.

Ons versoek dat ouers die aangehegte ondernemingsdokument eenmalig sal voltooi waarin u onderneem om by die gesondheidsprotokol te hou, soos wat dit op die skool se webwerf verskyn. Hierdie voltooide dokument moet teen Maandag, 15 Februarie, saamgebring word skool toe en by u kind se registeronderwyser ingehandig word. Hierdie onderneming sal dan op lêer gehou word vir rekorddoeleindes.

Ek vra vriendelik dat u u kind daaglik sal assesser voordat hul skool toe kom. Ouers moet ook onmiddellik die skool in kennis stel indien u of u kind positief getoets het vir Covid en indien u as gesin moet isoleer. Ek moet daaglik hierdie data aan die Departement van Onderwys rapporteer.

## DANKIE

Groot dank aan Ds. Zilke Mahabeer en die Universitas Geloofsentrum vir die pragtige positiewe geestelike boodskap vir ons leerders en ouers van die afgelope Sondag. Baie dankie aan elke gesin wat ingeskakel het vir die Tjokkie-kerkdien. Ons vertrou dat die boodskap ook vir u bemoedig het vir die komende jaar.



## PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

### ONDERNEMING DEUR OUER DAAGLIKSE CORONA-SKANDERING

Ek \_\_\_\_\_ ouer van (kind se naam) \_\_\_\_\_ in Graad \_\_\_\_\_ (klas) onderneem om daaglik die volgende te kontroleer voor my kind die skoolterrein betree:

1. Te kontroleer dat my kind nie die volgende Covid-verwante simptome het nie:

- Koors hoër as 38 grade nie.
- Droë hoes
- Kortasem
- Seer keel
- Lyfseer
- Hoofpyn
- Moegheid
- Diarree
- Kontak gehad met iemand wat Covid-19 positief is /moontlik positief is

2. Dat ek my kind tuis sal hou indien enige van bg. simptome by my kind teenwoordig kan wees.

3. Om die skool onmiddellik in kennis te stel indien die kind tuis moet bly as gevolg van isolasie-omstandighede of enige ander siektetoestand.

\_\_\_\_\_  
Handtekening (ouer)

\_\_\_\_\_  
Kontaknommer

\_\_\_\_\_  
Datum